


Annexure A

SLAAPLEKSTRAAT



Annexure B



Die Munisipale Bestuurder
Posbus 19
George
6530

Verwys: Erf 364 Heroldsbaai

6 Maart 2020

Meneer

**AANSOEK OM BOULYNVERSLAPPING, ADMINISTRATEUR SE TOESTEMMING EN
WYSIGING VAN GOEDKEURINGSVOORWAARDES: ERF 364 HEROLDSBAAI**

U skrywe gedateer 25 Februarie 2020 verwys.

U word hiermee versoek om my aansoek gedateer 7 Februarie 2020 met die aangehegde aansoek te vervang.

Die aansoek word hiermee gewysig en gemotiveer ooreenkomstig die vereistes soos in u bogenoemde brief uitgestippel.

- Aansoek word in terme van artikel 15(2)(b) van die Verordeninge op Grondgebruikbeplanning vir George Munisipaliteit, 2015 gedoen vir die verslapping van die westelike en oostelike sygrensboulyne op Erf 364 Heroldsbaai, vanaf 3.0 meter na 2.0 meter vir 'n voorgestelde houtdek op die eerste vloer van beide wooneenhede.
- Aansoek word in terme van Artikel 39(4) van die Wet op Grondgebruikbeplanning, 2014 (Wet 3 van 2014) gedoen vir die Administrateur se toestemming in terme van voorwaarde B.7 in titelakte no T41333/2004, synde die titelakte van Erf 364 Heroldsbaai, vir die verslapping van die Slaapplekstraat straatboulyn vanaf 5.0 meter na 1.5 meter vir 'n voorgestelde motorafdak vir elkeen van die wooneenhede.


- Aansoek word in terme van artikel 15(2)(h) van die Verordeninge op Grondgebruikbeplanning vir George Munisipaliteit, 2015 gedoen vir die wysiging van voorwaarde 2 van die goedkeuring vir Erf 364 Heroldsbaai gedateer 1 Desember 2017 deur die vervanging van die goedgekeurde “Site Development Plan” gedateer 28/06/2017 onder Plan No. / 6 met Plan No. 3619/1 gedateer 6 Mar 2020.
- Aansoek word in terme van artikel 15(2)(h) van die Verordeninge op Grondgebruikbeplanning vir George Munisipaliteit, 2015 gedoen vir die skapping van voorwaarde 3 van die goedkeuring vir Erf 364 Heroldsbaai gedateer 1 Desember 2017, wat soos volg lui: “All other requirements comply with the George Integrated Zoning Scheme By-Law, 2017;”.

Dit word verder bevestig dat die oppervlakte van die twee wooneenhede op Plan No. 3619/1 gedateer 6 Mar 2020 wat by die aansoek as Bylaag “B” aangeheg is, aangetoon word.

Dit word vertrou dat die aansoek nou aan u vereistes voldoen.

U spoedige oorweging van die aansoek sal waardeur word.

By voorbaat dank.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'Jan Vrolijk', with a stylized, cursive script.

Jan Vrolijk

**MOTIVERINGSVERSLAG: AANSOEK OM AFWYKING (BOULYNVERSLAPPING),
ADMINISTRATEUR SE TOESTEMMING (BOULYNVERSLAPPING) EN WYSIGING
VAN GOEDKEURING VOORWAARDE: ERF 364 HEROLDSBAAI, GEORGE**

1. AANSOEK

- Aansoek word in terme van artikel 15(2)(b) van die Verordeninge op Grondgebruikbeplanning vir George Munisipaliteit, 2015 gedoen vir die verslapping van die volgende boulyne op Erf 364 Heroldsbaai:
 - ⇒ die westelike en oostelike sygrensboulyne vanaf 4.0 meter na 2.0 meter vir 'n voorgestelde houtdek op die eerste vloer van beide wooneenhede;
 - ⇒ die straatboulyn vanaf 5.0 meter na 1.5 meter vir 'n voorgestelde motorafdak vir elkeen van die wooneenhede.
- Aansoek word in terme van Artikel 39(4) van die Wet op Grondgebruikbeplanning, 2014 (Wet 3 van 2014) gedoen vir die Administrateur se toestemming in terme van voorwaarde B.7 in titelakte no T41333/2004, synde die titelakte van Erf 364 Heroldsbaai, vir die verslapping van die Slaapplekstraat straatboulyn vanaf 5.0 meter na 1.5 meter vir 'n voorgestelde motorafdak vir elkeen van die wooneenhede.
- Aansoek word in terme van artikel 15(2)(h) van die Verordeninge op Grondgebruikbeplanning vir George Munisipaliteit, 2015 gedoen vir die wysiging van voorwaarde 2 van die goedkeuring vir Erf 364 Heroldsbaai gedateer 1 Desember 2017 deur die vervanging van die goedgekeurde Site development Plan gedateer 28/06//2017 onder Plan No /6 met Plan No. 3619/1 gedateer 18 Nov 2019.

Die aansoekvorm is hierby as **Bylaag "A"** aangeheg terwyl Plan No. 3619/1 gedateer 18 Nov 2019 hierby as **Bylaag "B"** aangeheg is.

2. AGTERGROND

Erf 364 Heroldsbaai is in die naam van twee persone geregistreer. Die twee persone het 'n aanmekeer geskakelde dubbel verdieping woonhuis en 'n addisionele wooneenheid op die erf opgerig. Die woonhuis en die addisionele wooneenheid is ewe groot en die argitektoniese voorkoms en ontwerp daarvan is ook dieselfde. Die struktuur is presies in die middel verdeel met die een wooneenheid wat die westelike helfte van die gebou beslaan en die ander wooneenheid wat die oostelike helfte van die gebou beslaan. Drie aanmekeer geskakelde motorafdakke is ook aan die straatkant, 1.5 meter van die straatgrens af opgerig, ewe vër van die twee sygrense van die erf af. Die onderstaande foto toon die dubbel woonhuis, die bedekte stoep met ingang na elke wooneenheid en die drie motorafdakke aan die straatkant van die erf aan.



Die hersonering van Erf 364 Heroldsbaai, vanaf Enkel Residensiële Sone na Algemene Residensiële Sone I (Dubbel Woonhuis) om die Dubbel Woonhuis te akkommodeer, sowel as die verslapping van die straatboulyn vanaf 5 meter na 1.5 meter ingevolge beide die George Geïntegreerde Soneringskema, 2017, sowel as die Titelakte van die erf, om die motorafdakke te akkommodeer, is finaal op 5 Januarie 2018 deur die Munisipaliteit goedgekeur. Die goedkeuringsbriewe is hierby as **Bylaag "C"** aangeheg. Die aansoek is onder andere onderhewig aan die volgende voorwaarde goedgekeur:


- 2 *"This approval shall be taken to cover only the application applied for as indicated on the Site Development Plan dated 28/06/2017, with drawing number 16, drawn by New Architectural Design (J.K) attached as **"Annexure A"** which bears Council's stamp and*

shall not be construed as to depart from any other Council requirements or legal provision."

'n Deeltitelskema sal oor die eiendom registreer word met elk van die twee eienaars wat eienaarskap van sy wooneenheid sal neem. Die motorafdakke sal as deel van die deeltitelskema geregistreer en aan die onderskeie eienaars toegeken word.

3. ONTWIKKELINGSVOORSTEL

Dis is die voorneme van die twee eienaars om die middelste motorafdak te sloop en twee nuwe motorafdakke (een aan die oostekant en een aan die westekant van die oorblywende bestaande motorafdakke) op te rig, sodat elke wooneenheid oor twee motorafdakke sal beskik. Daar word ook beplan om 'n nuwe houtdek aan die straatkant (suidekant) van elke wooneenheid op die eerste vloer, bo-op die bestaande grondvloer stoep op te rig. Die Terreinplan hieronder toon die voorgestelde ontwikkeling aan. Meer gedetailleerde planne van die voorgestelde aanbouings is hierby as **Bylaag "D"** aangeheg.



Ten einde die twee motorafdakke aan die straatkant van die erf op te rig sal aansoek gedoen moet word vir die verslapping van die 5 meter straatboulyn wat in die George Geïntegreerde Soneringskema, 2017, sowel as die Titelakte van die erf neergelê word. Die toestemming van die Administrateur sal vir laasgenoemde verslapping verkry moet word.

Ten einde die voorgestelde houtdekke op te rig, sal aansoek gedoen moet word vir die verslapping van die oostelike- en westelike sygrens boulyne.

Die wysigings aan die planne beteken ook dat voorwaarde 2 van die goedkeuring soos uitgereik op 5 Januarie 2018 gewysig sal moet word soos uiteengesit in punt 1 hierbo.

4. ALGEMENE INLIGTING RAKENDE ERF 364 HEROLDSBAAI

4.1 Ligging

Erf 364 Heroldsbaai is te Slaapplekstraat, Heroldsbaai Uitbreiding 2 geleë. Die ligging van die erf word op die plan wat hierby as **Bylaag "E"** aangeheg is, aangetoon.

4.2 Bestaande gebruike

Die erf is tans met 'n dubbel verdieping Dubbel Woonhuis ontwikkel. Die struktuur is presies in die middel verdeel met die een wooneenheid wat die westelike helfte van die gebou beslaan en die ander wooneenheid wat die oostelike helfte van die gebou beslaan. 'n Motorafdak waaronder drie voertuie kan parkeer is tussen die wooneenhede en die straatgrens van die erf geleë.

4.3 Oppervlakte

Erf 364 Heroldsbaai beskik oor 'n oppervlakte van 660m².

4.4 Huidige sonering

Erf 364 Heroldsbaai is in terme van die George Geïntegreerde Soneringskema, 2017, Algemene Residensiële Sone I (Dubbel Woonhuis) gesoneer.

4.5 Algemene Plan

Erf 364 Heroldsbaai vorm deel van Algemene Plan Nr 9878, Heroldsbaai Uitbreiding Nr 2. 'n Afdruk van die Algemene Plan is hierby as **Bylaag "F"** aangeheg.

4.6 Titellakte

Erf 364 Heroldsbaai is in die naam van Martha Charmaine van der Merwe en Dirk Cornelius Lourens geregistreer. 'n Afskrif van die titellakte van Erf 364 Heroldsbaai is hierby as **Bylaag "G"** aangeheg.

Die titellakte van Erf 364 Heroldsbaai, Titellakte No T41333/2004 bevat, onder andere, die volgende voorwaardes:

"B. ONDERHEWIG VERDER aan die volgende voorwaardes vervat in Transportakte Nommer T27984/1981 opgelê deur die Administrateur van die Kaapprovinsie ingevolge die bepalings van Ordonnansie Nr 33 van 1934 by die goedkeuring van die stigting van Heroldsbaai Dorp Uitbreiding Nr 2, naamlik:-

1. *"Any words*
2. *In the event*
3. *No building*
4. *The owner of*
5. *The owner of*
6. *This erf shall*
7. *No building or structure or any portion thereof except boundary walls and fences, shall except with the consent of the Administrator, be erected nearer than 5m to the street line which forms a boundary of this erf, nor within 3m of the rear boundary or 1,5m of the lateral boundary common to any adjoining erf, provided that with the consent of the local authority –*

- (i) *An outbuilding used solely for the housing of vehicles and not exceeding 3m in height, measured from the ground floor of the outbuilding to the wallplate thereof, may be erected within such side and rear space, and any other outbuilding of the same height may be erected within the rear space and side space for a distance of 12m measured from the rear boundary of the erf, provided that in the case of a corner erf the distance of 12m shall be measured from the point furthest from the street abutting the erf;*
- (ii) *An outbuilding in terms of sub-paragraph (i) may only be erected nearer to the lateral or rear boundary of a site than the above prescribed spaces, if no windows or doors are inserted in any wall facing such boundary."*

Voorwaarde B7, wat 'n 5 meter straatboulyn neerlê, is op die aansoek vir die verslapping ten opsigte van die boulyn vir motorafdakke van toepassing.

4.7 Volmag

Volmagte waarby Jan Vrolijk Town Planner / Stadsbeplanner deur Martha Charmaine van der Merwe en Dirk Cornelius Lourens aangestel word om die aansoek te hanteer is as **Bylaag "H"** aangeheg.

4.8 Verbandhouer se toestemming

Daar is nie 'n verband oor die eiendom geregistreer nie.

4.9 Aktebesorgersertifikaat

'n Aktebesorgersertifikaat is hierby as **Bylaag "I"** aangeheg

5. WENSLIKHEID VAN AANSOEK OM AFWYKING (BOULYNVERSLAPPING)

5.1 Inleiding

Alhoewel die Verordeninge op Grondgebruikbeplanning vir George Munisipaliteit, 2015 baie spesifieke punte uitlig op grond waarvan aansoeke gemotiveer moet word is die punte hoofsaaklik op meer komplekse aansoeke gerig. Die punte is nie werklik op hierdie tipe kleiner boulynverslapping aansoeke van toepassing nie. Die aansoek gaan dus, soos onder die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ord 15 van 1895), steeds aan die hand van die volgende punte gemotiveer word:

- *Of die voorstel sal in pas by die bestaande beplanning en die omliggende grondgebruike van die gebied.*
- *Die invloed wat die voorstel sal hê op die omgewing.*
- *Die invloed wat die voorstel sal hê op die verkeer- en/of parkeersituasie van die gebied.*
- *Die invloed wat die voorstel sal hê op omliggende fasiliteite soos skole, oop ruimtes en ander gemeenskapsfasiliteite indien die aansoek sou lei tot 'n toename in inwonertal van die gebied.*
- *Die invloed wat die voorstel sal hê op die bestaande karakter van die omgewing en die regte van mense ten opsigte van eiendomswaardes, privaatheid, uitsig, sonlig, ensovoorts.*
- *Die voorsiening van dienste.*

5.2 Bestaande beplanning in die omgewing

Voorgestelde houtdekke - Heroldsbaai Uitbreiding 1 en 2 word gekenmerk deur 2.0 meter sygrensboulyne en die woonhuis en addisionele wooneenheid wat op die erf opgerig is, is in 2006 met die 2.0 meter boulyne ingedagte opgerig. Die “dubbel woonhuis” voldoen dus aan die norm vir sygrensboulyne wat vir woonhuise in die gebied geld. Die sykante van die voorgestelde houtdekke is gelyk met die sykante van die wooneenhede. Geen afwyking van die algemene norm word versoek nie. Die voorstel gaan dus sover dit sygrensboulyne aanbetref geen veranderende impak op die omgewing uitoefen nie.

Voorgestelde motorafdakke - Die bestaande dubbel woonhuis wat op die erf voorkom is 2.0 meter vanaf die sygrense van die erf geleë wat beteken dat voertuig toegang nie tot die agterste gedeelte van die erf beskikbaar is nie. Dit impliseer dus dat parkeerplekke slegs aan die straatkant van die erf voorsien kan word. Die dubbel woonhuis is verder op so 'n posisie op

die erf ontwikkel dat enige onderdak parkeerplekke wat voorsien staan te word noodwendig binne die straatboulyn voorsien sal moet word. Geen ander alternatief is beskikbaar vir die voorsiening van onderdak parkeerplekke nie.

Alhoewel beperk, kom daar tog wel ander motorafdakke wat binne straatboulyne geleë is in Heroldsbaai Uitbreiding 1 en 2 voor. Straatboulynverslappings vir motorafdakke is dus nie ongewoon binne die gebied nie.

5.3 Impak op skole, oopruimtes en ander gemeenskapsfasiliteite

Die voorstel maak voorsiening die aanbou van twee houtdekke op eerste vloer en twee motorafdakke op die erf wat reeds vir met 'n dubbel woonhuis ontwikkel is en sal as sulks geen impak op skole, oopruimtes en ander gemeenskapsfasiliteite uitoefen nie.

5.4 Impak op straatbeeld

Voorgestelde houtdekke – Die “dubbel woonhuis” vorm reeds vir meer as 10 jaar deel van die gedeelte van die Slaapplekstraat straatbeeld. Die twee voorgestelde houtdekke sal op die eerste vloer, aan die straatkant van die gebou opgerig word, bo-op die bestaande bedekte stoepe op grondvloer. Die straatbeeld van die gebou sal dus in 'n mate verander, maar hierdie verandering sal positief ervaar word, aangesien dit meer diepte sal verleen aan die straataansig van die gebou.

Motorafdakke – Soos reeds aangedui is daar geen ander alternatiewe posisie vir die motorafdakke op die erf beskikbaar nie. Die motorafdakke is as sulks sigbaar vanaf die straat en het 'n impak op die straatbeeld. Die huidige afdak is egter soos vanuit die onderstaande foto blyk 'n netjiese struktuur wat nie afbreuk doen aan die voorkoms van die geboue op die erf nie.

Die status quo sover dit die bestaande situasie soos wat dit tans op die erf voorkom word nie noemenswaardig deur die voorgestelde houtdekke en motorafdakke verander nie en die mening word dus gehuldig dat die voorgestelde boulynverslappings geen negatiewe impak op eiendomswaardes gaan uitoefen nie.

5.7 Impak van voorstel op die verskaffing van parkeerplekke

Geen ander alternatiewe plek vir onderdak parkeerplekke is op die erf beskikbaar nie aangesien geen voertuig toegang na die agterkant van die erf moontlik is nie. Die straatboulynverslapping word benodig om die bestaande motorafdak waaronder 3 voertuie kan parkeer te verdeel in twee afsonderlike dubbel motorafdakke. Daar sal dus 4 bedekte parkeerplekke (2 per wooneenheid) beskikbaar wees, wat die parkeersituasie op die erf sal verbeter.

5.8 Impak van voorstel op verkeersbewegingspatrone

Die strukture wat die boulyne oorskry is op so 'n afstand vanaf die Slaapplekstraat straatgrens geleë dat dit geen impak op verkeersbeweging in die gedeelte van Slaapplekstraat gaan uitoefen nie. Die aspek is dus nie relevant nie.

5.9 Voorsiening van dienste

Die bestaande dubbel woonhuis is reeds van dienste voorsien en die voorgestelde boulynverslappings sal geen impak op die bestaande dienste en of die voorsiening van dienste uitoefen nie.

5.10 Brandbestryding

Ten spyte van die boulynverslappings sal die erf steeds ten volle toeganklik wees vir brandbestrydingsdoeleindes.

6. ADMINISTRATEUR SE GOEDKEURING

Die gebruik om grondgebruik en grondgebruikbeperkings deur middel van voorwaardes wat in 'n erf se titelakte opgeneem is te beheer, is 'n verskynsel wat dateer uit die tyd toe daar nie dorpsaanlegskemas was waarmee grondgebruikbeperkings beheer kon word nie. Titelaktes is in die plek van dorpsaanlegskemas gebruik.

Vanuit die algemene plan en titelakte van die erf blyk dit asof die erf deel vorm van 'n dorpsgebied wat in 1976 geproklameer is, 'n tydperk toe daar geen dorpsaanlegskema op die erf van toepassing was nie. Dit is dan ook waarskynlik die rede waarom die voorwaardes in die titelakte van die erf opgeneem is.

Voorwaarde B.7 van die Titelakte van die erf lui, onder andere, soos volg:

"No building or structure or any portion thereof except boundary walls and fences, shall except with the consent of the Administrator, be erected nearer than 5m to the street line which forms a boundary of this erf, nor within 3m of the rear boundary or 1,5m of the lateral boundary common to any adjoining erf, provided that with the consent of the local authority"

Die voorgestelde 1.5 meter straatboulyn is dus teenstrydig met die boulyn soos in die Titelakte bepaal. Die bevoegheid om die boulyn te verslap berus in terme van die titelakte by die Administrateur. Die Administrateur het intussen die bevoegdheid aan plaaslike owerhede gedelegeer en elke plaaslike owerheid kan dus self in terme van die bepalings van die titelakte optree.

Daar is in punte 5.2 tot 5.10 hierbo aangetoon dat die boulynverslapping geen negatiewe effek op die omgewing gaan uitoefen nie. Dit sal 'n positiewe invloed uitoefen op die straatbeeld en bydra tot die verbetering van die parkeersituasie op die erf. Die George Munisipaliteit word derhalwe versoek om, in terme van die bevoegdheid wat aan die munisipaliteit gedelegeer is, die nodige Administrateur goedkeuring uit te reik.

7. SAMEVATTING

Aansoek word gedoen vir die verslapping van die westelike en oostelike sygrensboulyne op Erf 364, Heroldsbaai, George, vanaf 3.0 meter na 2.0 meter vir 'n voorgestelde houtdek op die eerste vloer van beide wooneenhede, asook vir die verslapping van die straatboulyn op die erf vanaf 5.0 meter na 1.5 meter vir 'n voorgestelde dubbel motorafdak vir elkeen van die wooneenhede. Die toestemming van die Administrateur vir die verslapping van die straatboulyn word ook benodig.

Die voorgestelde verslapping van die boulyne sal nie die ontwikkeling van die omgewing nadelig beïnvloed nie, sal nie 'n nadelige invloed op omliggende fasiliteite hê nie en sal ook nie 'n nadelige invloed op die verkeersbeweging in die omgewing hê nie.

Sou die aansoeke goedgekeur word het dit noodwendig tot gevolg dat voorwaarde 2 van die goedkeuring vir Erf 364 Heroldsbaai gedateer 1 Desember 2017 gewysig moet word.

Die aansoek proses voldoen aan die voorskrifte en word ingevolge die betrokke bepalings van die Verordeninge op Grondgebruikbeplanning vir George Munisipaliteit, 2015, asook die Titelloosvoordes van die erf, vir oorweging voorgelê.

Annexure C

Francois en Lesley du Toit
Erf 363, 4 Slaapplekstraat
Heroldsbaai
Sel: 08480 99999
Epos: nougiman@gmail.com

George Munisipaliteit

Yorkstraat 71
George
6530
Tel: 044 801 9477
E-pos: pnako@george.gov.za

Aandag: Primrose Nako (per e-pos)

CC: Jan Vrolijk (per e-pos)

I.S: ERF 364, HEROLDSBAAI:

BESWAAR TEEN VOORGESTELDE HOUTDEK

Na aanleiding van die advertensie rakende die aanbouings aan die wonings op erf 364, geplaas op die perseel (sien aangeheg by epos), die volgende:

BL23: Punt 5.3.5 Impak op sonlig, uitsig en privaatheid: Houtdekke

Hier word genoem die privaatheid van die aanliggende erf en woning word nie negatief beïnvloed nie.

Ons stem nie hiermee saam nie. Die boulyn is reeds verslap na 2m met die bou van die woning op Erf 364 (die kaggel se buitemuur is 1.6m van die grens af, dus OOR die boulyn) en a.g.v. die plasing van die stoep regoor die hoofslaapkamer van ons woning was privaatheid so negatief beïnvloed (klank en beligting snags ook) dat ons reeds kostes moes aangaan om klank en visie te beperk vanaf Erf 364 se grondvloer stoep. Word die houtdek nou bo-op bygevoeg gaan ons privaatheid weereens verder geskend word deurdat die eienaar/s direkte sig in die aangrensende woning se hoofslaapkamer gaan hê, klank gaan direk op ons geprojekteer word en nagtelike beligting gaan in die slaapkamer inskyn.

BL24: Punt 5.3.5 Impak op sonlig, uitsig en privaatheid: Motorafdakke:

Wat die motorafdakke betref, het ons geen beswaar teen die vergroting en plasing daarvan nie, aangesien dit die aangrensende woning nie negatief beïnvloed nie.

U is welkom om ons te skakel om die saak te bespreek indien nodig.

Groete,



Francois en Lesley du Toit

Erf 363, Heroldsbaai

Sel: 08480 99999

Epos: nougiman@gmail.com

Annexure D



Die Munisipale Bestuurder
Posbus 19
George
6530

Verwys: Erf 364 Heroldsbaai

31 Julie 2020

Meneer

**KOMMENTAAR ONTVANG OP AANSOEK OM BOULYNVERSLAPPING,
ADMINISTRATEUR SE TOESTEMMING EN WYSIGING VAN
GOEDKEURINGSVOORWAARDES: ERF 364 HEROLDSBAAI**

Die aangehegde beswaarskrif gedateer 1 Julie 2020 wat na aanleiding van die advertering van bogenoemde aansoek vanaf die eienaars van Erf 363 Heroldsbaai, Francois en Lesley du Toit, ontvang is, verwys.

'n Epos gedateer 14 Julie 2020 is ook vanaf die Heroldsbaai Belastingbetalersvereniging ontvang waarby daar aangedui word dat daar geen beswaar teen die aansoek is nie. Die epos is ook hierby aangeheg. Kennis word bloot geneem van die inhoud van die epos.

Sover dit die beswaar van die eienaar van Erf 363 Heroldsbaai aanbetref word daar as volg kommentaar gelever:

In terme van die kommentaar wat ontvang is versoek die beswaarmaker dat 'n nie-deursigte skerm aan die westekant van die houtdek opgerig word sodat daar geen sig na die beswaarmaker se hoof slaapkamer is nie en die totale privaatheid van die beswaarmaker se hoof slaapkamer gerespekteer word.

Die beswaarskrif is na die eienaars van Erf 364 Heroldsbaai vir kommentaar verwys. Die volgende kommentaar is per epos gedateer 14 Julie 2020 in antwoord op die beswaarskrif ontvang:

“Die rede vir die oprigting van die dek is om seeuitsig te bewerkstellig en met die oprigting van so 'n skerm sal dit dan geen doel dien nie aangesien die see reeds net sigbaar sal wees na die suidekant.

Met die oprig van die planne soos dit is, sal ek oor die buurman se dak kyk. Die venstertjies waarvan hy melding maak aan die sykantste muur van sy woning is twee tronkgroote venstertjies wat nie groter is as 60cm by 30 cm nie, die res is 'n solude muur.

Ek kan dus regtig nie sien hoe die bestaande planne van 'n dek hoegenaamd sy privaatheid gaan versteur nie.

Ek vertrou wanneer die munisipaliteit na 'n aansoek kyk sal hulle bg. in ag neem?

Ek is tans in Johannesburg maar kan reel dat iemand vir my 'n foto neem van die muur en venstertjies aan sy kant sou jy dit wil bestudeer”


'n Afskrif van die epos is ook hierby aangeheg. In opvolg tot die epos is die twee fotos wat hierby aangeheg is ontvang. Foto 1 toon die uitsig waarna daar verwys terwyl foto 2 die venster toon waarna die beswaarmaker verwys.

Soos vanuit die inhoud van die kommentaar wat vanaf die eienaar ontvang is blyk, is die eienaar van mening dat die houtdek glad nie die beswaarmaker se privaatheid gaan affekteer nie en versoek die eienaar die munisipaliteit om die aansoek soos ingedien goed te keur.

Dit word vertrou dat u bogenoemde in orde vind.

U spoedige oorweging van die aansoek sal waardeur word.

By voorbaat dank.



Jan Vrolijk

Jan Vrolijk

From: Francois du Toit <nougiman@gmail.com>
Sent: Wednesday, 01 July 2020 09:17
To: pnako@george.gov.za
Cc: Jan Vrolijk; Tommie & Martha vd Merwe; Philip Seun
Subject: Aanbouings op ERF 364, Heroldsbaai
Attachments: ERF 364 Beswaar.pdf; Erf 364 Heroldsbaai Advertensie.pdf

Importance: High

More Primrose

Sien aangehegte dokumente vir kommentaar oor en beswaar teen die aanbouings op ERF 364.

Groete

Francois & Lesley du Toit
Sel: 08480 99999
nougiman@gmail.com

Morning Primrose

See attached documents for comments about and objection against the proposed building additions on ERF 364.

Regards

Francois & Lesley du Toit
Cell: 08480 99999
nougiman@gmail.com

Francois en Lesley du Toit
Erf 363, 4 Slaapplekstraat
Heroldsbaai
Sel: 08480 99999
Epos: nougiman@gmail.com

George Munisipaliteit

Yorkstraat 71
George
6530
Tel: 044 801 9477
E-pos: pnako@george.gov.za

Aandag: Primrose Nako (per e-pos)

CC: Jan Vrolijk (per e-pos)

I.S: ERF 364, HEROLDSBAAI:

BESWAAR TEEN VOORGESTELDE HOUTDEK

Na aanleiding van die advertensie rakende die aanbouings aan die wonings op erf 364, geplaas op die perseel (sien aangeheg by epos), die volgende:

BL23: Punt 5.3.5 Impak op sonlig, uitsig en privaatheid: Houtdekke

Hier word genoem die privaatheid van die aanliggende erf en woning word nie negatief beïnvloed nie.

Ons stem nie hiermee saam nie. Die boulyn is reeds verslap na 2m met die bou van die woning op Erf 364 (die kaggel se buitemuur is 1.6m van die grens af, dus OOR die boulyn) en a.g.v. die plasing van die stoep regoor die hoofslaapkamer van ons woning was privaatheid so negatief beïnvloed (klank en beligting snags ook) dat ons reeds kostes moes aangaan om klank en visie te beperk vanaf Erf 364 se grondvloer stoep. Word die houtdek nou bo-op bygevoeg gaan ons privaatheid weereens verder geskend word deurdat die eienaar/s direkte sig in die aangrensende woning se hoofslaapkamer gaan hê, klank gaan direk op ons geprojekteer word en nagtelike beligting gaan in die slaapkamer inskyn.


Sien foto geneem vanuit die hoofslaapkamer:



Ons maak dus beswaar teen die voorgestelde ontwerp en vereis dat 'n NIE-DEURSIGTIGE privaatheid skerm opgerig word aan die westekant van die houtdek sodat daar GEEN sig na die aangrensende woning se hoofslaapkamer is nie om totale privaatheid te gee. Dit moet opgerig word SAAM MET die bou van die houtdek en nie later bygevoeg word nie.

Sien skets:

Vereiste nie-deursigtige skerm



BL24: Punt 5.3.5 Impak op sonlig, uitsig en privaatheid: Motorafdakke:

Wat die motorafdakke betref, het ons geen beswaar teen die vergroting en plasing daarvan nie, aangesien dit die aangrensende woning nie negatief beïnvloed nie.

U is welkom om ons te skakel om die saak te bespreek indien nodig.

Groete,



Francois en Lesley du Toit

Erf 363, Heroldsbaai

Sel: 08480 99999

Epos: nougiman@gmail.com

Jan Vrolijk

From: Dirk Lourens <dirk.lourens44@gmail.com>
Sent: Monday, 20 July 2020 09:20
To: Jan Vrolijk
Subject: Re: Erf 364 Heroldsbaai
Attachments: IMG-20200717-WA0004.jpg; IMG-20200717-WA0006.jpg

More Jan.

Vind asb. aangeheg twee foto's wat my punte uitlig n.a.v. die beswaar van die buurman aan die suidekant teen die oprigting van die dek.

Die een is om die groote van die venstertjies uit te lig en die ander is die uitsig oor sy dak.

Mooi dag daar by julle.

Vind asb. aangeheg twee

On Tue, 14 Jul 2020, 18:05 Dirk Lourens <dirk.lourens44@gmail.com> wrote:
Middag Jan.

Hoop dit gaan goed daar by julle.

Die rede vir die oprigting van die dek is om seeuitsig te bewerkstellig en met die oprigting van so 'n skerm sal dit dan geen doel dien nie aangesien die see reeds net sigbaar sal wees na die suidekant.

Met die oprig van die planne soos dit is, sal ek oor die buurman se dak kyk. Die venstertjies waarvan hy melding maak aan die sykantste muur van sy woning is twee tronkgroote venstertjies wat nie groter is as 60cm by 30 cm nie, die res is 'n solude muur.

Ek kan dus regtig nie sien hoe die bestaande planne van 'n dek hoegenaamd sy privaatheid gaan versteur nie.

Ek vertrou wanneer die munisipaliteit na 'n aansoek kyk sal hulle bg. in ag neem?

Ek is tans in Johannesburg maar kan reel dat iemand vir my 'n foto neem van die muur en venstertjies aan sy kant sou jy dit wil bestudeer.

Mooi dag daar.

On Tue, 14 Jul 2020, 14:56 Jan Vrolijk <janvrolijk@vodamail.co.za> wrote:

Middag Dirk

Die aansoek het gister vir die indiening van kommentare/besware gesluit. 'n Skrywe is vanaf die suidelike direk aanliggende buurman ontvang. Ek heg dit hierby aan.

